

Ekonomiese tendense en vooruitsigte

Desember 2019

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het in die derde kwartaal van 2019 weereens verswak deurdat die land se reële bruto binnelandse produk (BBP) met 0,6% teenoor die voorafgaande kwartaal gedaal het. In die eerste kwartaal het die ekonomie met 3,1% kwartaal-op-kwartaal (k/k) ingekrimp, maar in die tweede kwartaal is positiewe groei van 3,2% k/k aangeteken. Teen hierdie agtergrond was groei in die eerste drie kwartale van die jaar slegs 0,3% jaar-op-jaar (j/j). Die swak groeivertoning in die derde kwartaal was hoofsaaklik die resultaat van 'n daling in produksie in die sektore van mynbou (-6,1% k/k); vervoer en kommunikasie (-5,4% k/k); elektrisiteit, gas en water (-4,9% k/k), vervaardiging (-3,9% k/k); en landbou (-3,6% k/k). As gevolg van bogenoemde tendense, is die verwagting dat die ekonomie vir die volle jaar met slegs sowat 0,4% sal groei, met groei wat voorsien word om baie mating tot 1,4% in 2020 te styg.

Teen die agtergrond van bogenoemde groeitendense, het die Suid-Afrikaanse Reserwebank se leidende sakesiklusaanwyser op 'n dalende trajek gebly tot en met September vanjaar. Die leidende aanwyser gee 'n aanduiding van die rigting van ekonomiese aktiwiteit oor die volgende 6 tot 9 maande.

Arbeidsmarktoestande het tot in die derde kwartaal van 2019 onder geweldige druk gebly, met indiensneming wat in die kwartaal met slegs 0,4% k/k gestyg het, terwyl die werkloosheidskoers tot 29,1% gestyg het, wat die hoogste sedert middel-2003 was. Arbeidsmarktoestande word nie verwag om dramaties te verbeter oor die kort- tot mediumtermyn nie in die lig van huidige en verwagte ekonomiese tendense.

Verbruikersprysinflasie was 3,7% j/j in Oktober vanjaar en het in die eerste tien maande van die jaar op 4,2% j/j te staan gekom. Hoewel die randwisselkoers, voedsel-, brandstof- en elektrisiteitspryse steeds die grootste risiko's vir die verloop van inflasie inhou, word verwag dat die inflasiekoers steeds binne die inflasietekengrense van 3%-6% hierdie jaar sal bly, met 'n inflasiekoers van 4,2% vir die volle jaar en 'n versnelling tot 4,9% in 2020. 'n Verwagte swakker randwisselkoers teenoor die belangrikste internasionale geldeenheede, opwaartse druk op brandstofpryse en elektrisiteitspryse wat na raming met meer as die gemiddelde inflasiekoers gaan styg, sal hoofsaaklik verantwoordelik wees vir die hoër inflasiekoers volgende jaar.

Ten spyte van die swak ekonomiese prestasie, die lae inflasiekoers in Oktober en die vooruitsig dat inflasie onder beheer gaan bly, het rentekoerse steeds onveranderd gebly na die Reserwebank se Monetêre Beleidskomiteevergadering in November vanjaar. Verskeie risiko's in die ekonomie, soos 'n moontlike kredietafgradering, 'n verswakking in die wisselkoers en 'n styging in inflasie, maar tesame met volgehoue lae ekonomiese groei, kan lei daartoe dat rentekoerse in 2020 onveranderd bly op huidige vlakke. Banke se prima uitleenkoerse word dus verwag om op 10% per jaar te bly volgende jaar.

Finansiële toestande in die huishoudelike sektor het onder druk gebly deur die loop van die jaar teen die agtergrond van 'n hoë belastinglas en stygende lewenskoste op verskeie gebiede. Reële verbruiksbesteding, dws na aanpassing vir die effek van inflasie, het in die derde kwartaal met slegs 0,2% k/k gestyg. Verbruikersvertroue het in die derde kwartaal van die jaar die skerp dalende tendens volgehou sedert die hoogtepunt in die eerste kwartaal van 2018. Die lae vlak van verbruikersvertroue in die derde kwartaal was

hoofsaaklik die gevolg van die siening dat ekonomiese vooruitsigte uiters swak is en dat dit nie tans 'n geleë tyd is om duursame produkte soos voertuie, huishoudelike toestelle en elektroniese toerusting te koop nie. Die verwagting is dat finansiële druk op verbruikers sal voortduur oor die kort- tot mediumtermyn, met die belastinglas wat waarskynlik verder sal toeneem met die nasionale Begroting in Februarie volgende jaar in 'n poging om die volgehoue uiters benaderde staatsfinansies aan te spreek, wat duidelik in die mediumtermyn Begroting in Oktober uitgespel is.

Toestande in die sakektor was nie veel beter tot in die vierde kwartaal van die jaar nie, met meeste sakeondernemings wat finansiële druk ervaar as gevolg van swak vraagtoestande in die ekonomie. Teen hierdie agtergrond was sakevertroue in die tweede helfte van die jaar op die laagste vlak in twintig jaar, wat 'n negatiewe uitwerking op vaste investering en indiensneming het.

Oor die algemeen word vertrouensvlakke in die land ook negatief geraak deur volgehoue beleidsonsekerheid op verskeie gebiede en die moontlike onvoorsiene impak van aspekte soos grondhervorming, voorgeskrewe bates, die mynbouhandves en die nasionale gesondheidsversekeringsplan.

In die lig van bogenoemde beleidsonsekerhede, die swak ekonomiese toestande, die verwagting dat die land se ekonomiese groeikoers relatief laag gaan bly oor die volgende 3 tot 4 jaar, stram arbeidsmarktoestande en -beleid wat lei tot volgehoue lae indiensnemingsgroei en hoë werkloosheid, die onbekostigbare en onvolhoubare staatsalarisrekening, asook verskeie staatsondernemings wat basies bankrot is en 'n baie negatiewe impak op die staatsfinansies het wat tot toenemende staatskuld lei, het Moody's Investors Service en S&P onlangs hulle vooruitsigte vir Suid-Afrika van "stabiel" tot "negatief" verlaag, met die risiko dat hulle kredietgraderings verder verlaag kan word in die nabye toekoms. Dit kan tot gevolg hê dat beleggersvertroue skerp daal en groot bedrae buitelandse kapitaal uit die land onttrek word aangesien baie internasionale batebestuurders se mandaat hulle nie toelaat om in 'n land te belê waarvan die kredietgradering op 'n vlak van rommelstatus (junk status) is nie. So 'n situasie sal met 'n merkbare verswakking in die randwisselkoers gepaard gaan, wat inflasiedruk drasties sal verhoog en tot hoër rentekoerse kan lei. Ekonomiese groei, vaste investering, indiensneming, finansiële toestande en vertroue in en besteding deur die sake- en verbruikersektore sal gevolglik verder versleg.




Verbruikers en sakeondernemings word dus steeds aanbeveel om oor minstens die volgende 3 jaar steeds volgehoue streng finansiële dissipline toe te pas deur sover as moontlik by behoorlik beplande begrotings van inkomste en uitgawes te hou.



Die jongste vooruitskattings ten opsigte van die belangrikste makro-ekonomiese veranderlikes word in die relevante tabel hieronder aangedui, terwyl die Reserwebank onlangs 'n lys van die grootste plaaslike en internasionale risiko's vir die ekonomie en moontlike impakte daarvan gepubliseer het (sien onderstaande tabel in hierdie verband).



www.stilbaaibusiness.co.za







Main macroeconomic variables in South Africa

	2018		2019				2020				2018	2019F	2020F	2021F	2022F
	Q3	Q4	Q1	Q2	Q3F	Q4F	Q1F	Q2F	Q3F	Q4F					
Output (% q/q saar)															
Real GDP	2.6	1.4	-3.1	3.2	-0.6	1.4	1.0	1.3	1.3	1.5	0.8	0.4	1.4	1.4	1.4
Real GDP (%y/y)	0.7	0.2	0.1	1.0	0.2	0.2	1.6	1.2	1.3	1.3	0.8	0.4	1.4	1.4	1.4
Private consumption	0.6	3.2	-0.6	2.6	0.2	1.2	1.0	1.3	1.4	1.7	1.8	1.1	1.2	1.5	1.5
Public consumption	0.4	0.6	2.0	2.8	1.3	0.1	0.1	0.1	0.1	0.1	1.9	1.5	0.3	0.2	0.2
Investment	-0.7	-2.5	-4.1	5.8	4.5	-0.8	0.9	1.2	1.3	1.4	-1.4	-0.3	0.3	1.3	1.4
Exports	26.0	11.1	-27.0	-1.5	3.5	1.6	1.6	1.8	1.8	2.0	2.6	-2.6	1.5	1.8	1.8
Imports	22.3	-16.0	-5.1	18.3	-6.8	-2.8	0.3	0.9	1.3	1.8	3.3	0.1	0.1	1.6	1.6
Prices (% y/y)															
CPI inflation	5.0	4.9	4.2	4.4	4.1	3.8	4.9	4.4	4.6	5.0	4.6	4.1	4.7	5.1	5.1
Core CPI inflation	4.2	4.4	4.4	4.2	4.1	3.9	4.1	4.2	4.4	4.7	4.3	4.2	4.4	4.8	4.8
PPI inflation	6.2	6.3	5.0	6.2	4.5	3.8	6.0	4.6	5.4	5.6	5.5	4.9	5.4	5.6	5.6
External and government accounts (% of GDP)															
Current account	-3.6	-2.2	-2.9	-4.0	-2.8	-3.4	-3.5	-3.7	-3.7	-3.6	-3.6	-3.3	-3.6	-3.8	-4.0
Main budget fiscal balance*	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	-4.7	-6.5	-5.9	-5.5	-4.8
Main primary balance*	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	-1.0	-2.6	-1.8	-1.3	0.7
Government debt*	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	n/a	56.6	62.3	63.9	66.2	67.1
Interest rates and exchange rate (eop)															
Repurchase rate, %	6.50	6.75	6.75	6.75	6.50	6.50	6.50	6.50	6.50	6.50	6.75	6.50	6.50	6.50	6.50
Prime rate, %	10.00	10.25	10.25	10.25	10.00	10.00	10.00	10.00	10.00	10.00	10.25	10.00	10.00	10.00	10.00
USDZAR	14.14	14.35	14.42	14.11	14.60	15.00	15.20	15.40	15.50	15.60	14.35	15.00	15.60	16.40	17.30

Note:*For fiscal year commencing 1 April.

Source: SARB, National Treasury, Stats SA, Thomson Reuters, Absa Research.

Table 1 Risk assessment matrix

Source of risk	Expected impact on financial stability in South Africa
Deteriorating domestic fiscal position	
Likelihood: high	Impact: high
<ul style="list-style-type: none"> • Deteriorating debt dynamics and limited fiscal space • Weak economic growth and revenue under collection • Fragile financial position of state-owned entities contributing to additional pressure on the fiscus and rising contingent liabilities • An escalating public sector wage bill • Debt-servicing costs crowding out other vital expenditure (e.g. public investment spending) 	<ul style="list-style-type: none"> • Increase in taxes • Lower household and corporate income, and lower investment • Sovereign credit ratings downgrade triggering capital outflows • Tighter financial conditions due to negative investor sentiment • Increase in financing costs • Protracted period of low economic growth • Pressure on financial sector profitability
Rising cyber dependency	
Likelihood: medium	Impact: high
<ul style="list-style-type: none"> • Disruptive impact of breaches that relate to ransomware • Targeting of critical infrastructure and strategic industries • Leaks of confidential market-relevant information • Increasing world interconnectedness, elevating vulnerability 	<ul style="list-style-type: none"> • Corporate security breaches and disruption of business operating systems, work stoppages and large ransoms • Crash of crucial financial infrastructures (e.g. trading and settlement systems) • High replacement costs, falling profitability and negative impact on balance sheets of financial institutions
Weaker global economic growth and spillover to South Africa	
Likelihood: medium	Impact: high
<ul style="list-style-type: none"> • Escalation of trade tensions and likely spillover to the financial sector • Policy uncertainty contributing to weak investor sentiment, weak business confidence and subdued corporate investment growth • Uncertainty about Brexit outcomes • Downward pressure on Chinese economy • Geopolitical tensions affecting energy prices 	<ul style="list-style-type: none"> • Lower external demand for South African exports • Lower domestic economic growth • Higher unemployment • Deteriorating household balance sheets • Further weakening in investor sentiment and business confidence, resulting in a decline in fixed investment • Weak fundamentals weighing on sovereign and corporate credit ratings, contributing to tighter financial conditions • Lower profitability in the banking and non-financial corporate sectors
Abrupt and unanticipated changes to global financial conditions affecting emerging markets	
Likelihood: low	Impact: high
<ul style="list-style-type: none"> • Further accommodative monetary policy in advanced economies • Diverging market expectations from the stance communicated by the United States Federal Reserve • Trade tensions negatively impacting investor sentiment and monetary policy outlook • Unexpected adjustments to monetary policy 	<ul style="list-style-type: none"> • Rapid repricing of risk • Capital flow volatility • Exchange rate depreciation, lower investment and lower domestic growth • Slowing credit growth, increasing unemployment, rising debt levels and deteriorating asset quality of banks

Source: SA Reserve Bank